

Hier wys mnr. Niel du Preez, voorsitter van die NWKV in die Oos-Kaap, 'n paar wolboere op van die fyner punte van wolgehalte.

nie," verduidelik mnr. Willem Goosen, bestuurder van infrastruktuur en markontwikkeling by die NWKV.

Dit bied ook die geleentheid om die vordering van die projek te evalueer, sê De Beer. As deel van die kompetisie word daar na bouvorm en wolgehalte gekyk. Só kon die verbetering oor die tydperk van die projek waargeneem word.

Goosen sê die kompetisies is 'n groot trekpleister en word gewoonlik deur ongeveer 300 mense bygewoon.

Sedert die staat sy finansiering vir die ramprojek opgeskort het, is daar 'n merkbare verskil te sien in die gehalte van die diere. "Ons kan dit nou al in die veld sien. Die jong vee se wolgehalte word swakker. Die boere kry nie meer R90/kg vir lamwol nie, maar R60/kg.

"Die boere het dalk 'n projekram by die huis en een van sy ramlammers in die kraal. Hy gaan dalk nie die rammetjie sny nie, want hy het nie nog 'n ram nie, en as hy dié ram gebruik, is dit inteling. Hy het dalk nie die geld om 'n nuwe ram te koop of om die ramlam vir 'n beter ramlam te ruil nie, want daar is nie meer 'n projek nie." Daar is tans net 'n hand vol boere wat R5 000 of meer vir goeie ramme kan betaal.



Wolskape is al 'n paar jaar lank 'n algemene gesig in kommunale gebiede in die Oos-Kaap danksy die NWKV se wolverbeteringsprojek.

## SÓ WERK DIE PROJEK

Die NWKV se wolverbeteringsprojek berus op vyf pilare, volgens De Beer.

**Krag in eenheid.** Sowat 20 tot 40 kleinboere word saamgroepeer met nagenoeg 2 000 skape tussen hulle om gesamentlik te skeer en te klas, aangesien die Suid-Afrikaanse wolmark vereis dat wol per baal verkoop word.

Die boere se wol word saamgroepeer omdat elkeen op sy eie nie 'n baal kan volmaak nie.

Tradisioneel is wol informeel aan smouse verkoop, waarna die smous die wol in bale verpak het om beter pryse te kry. Omdat boere nou saamgroepeer en aan die formele mark deelneem, is die inkomste viervoudig hoër.

**Kennis uitgeruil.** As geakkrediteerde diensverskaffer by AgriSeta verskaf die NWKV opleiding en mentorskap in 13 basiese wolskaapboerderyleerareas, wat veral toegespits is op skeer- en woklasopleiding, asook onder meer voeding, teling, seleksie, veldbestuur en dieregesondheid.

**Verbeterde geriewe.** Boere word deur infrastruktuurontwikkeling toegerus met behoorlike skeergeriewe. Daar word gereken dat slegs 20% van gemeenskappe toegang tot behoorlike skeerinfrastruktuur het.

Skeerhuise word hoofsaaklik deur die staat gefinansier, maar die private sektor, wat myne en banke insluit, bied ook ondersteuning. Skeerhuise wat die NWKV bou, het 'n oppervlakte van 132 m$^2$, is gebou met boublokke en het 'n dak met insetsels wat lig deurlaat.

Daarby ingesluit is hanteringsgeriewe, skeertoerusting en skeertafels, asook 'n dompeldip.

**Genetiese verbetering.** Die kommersiële sektor staan sedert 2002 saam om goeie ramme vir kommunale boere te teel deur die genetiese verbeteringsprojek. Selfgeteelde skape word dan uitgehaal, geslag en verkoop, en vervang met die goeie ramme